# 'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE PAASFEES BY AUGUSTINUS MET SPESIALE VERWYSING NA SY PAASPREKE.

Dit bly nog altyd goed verantwoord om, wanneer ons oor die viering van ons kerklike feesdae gaan spreek, terug te gryp op die kerk van die eerste eeue N.Chr., want hier is die oorspronklike sin en betekenis daarvan aan te tref. Daarvoor bestaan nog veel meer rede as mens in ag neem hoe weinig aandag hierdie terrein by ons Protestante geniet het. Die kerklike jaar en die christelike feesdae verdien stellig meer aandag as wat daar gewoonlik aan gegee word. Wanneer ons ons dan gaan rekenskap gee van die waarde hiervan, dan verdien Augustinus die bekende sielsorger en prediker van Hippo Regius in Noord-Afrika, sekerlik ook ons aandag.

In hierdie artikel is Augustinus direk aan die woord gelaat oor die Paasfees en hieruit wil ons probeer opmaak wat vir hom die inhoud en betekenis van die christelike Paasfees uitmaak. Voordat ons hier sy preke aan die orde bring, is hier as uitgangspunt te neem een van sy briewe wat van belang is vir hierdie onderwerp.

In twee verskillende briewe het Augustinus geantwoord op vrae wat aan hom gestel is deur 'n sekere Januarius.[1]) Die tweede hiervan is van aansienlike lengte en mens kan veeleer spreek van 'n boek, soos Augustinus dit ook later in sy Retractiones[2]) genoem het. Dit dra in sommige handskrifte die naam Epistula ad ianuarium **de Pascha**, de celebratione Paschae of ook die ratione paschali. Hier antwoord Augustinus nl. op die vraag waarom die jaarlikse viering van die lyding van Christus nie op 'n vaste tyd plaasvind soos die dag van sy geboorte nie en of dit verband hou met die sabbat en dit stand van die maan en as dit dan wel die geval is, wat die waarneming van die sabbat en die maan hier beteken.[3]) In die eerste plek, antwoord hy, word die dag van die geboorte van die Heer nie „in Sacramento" gevier nie, maar dit word slegs in herinnering geroep en daarom word dit slegs feestelik gevier wanneer dieselfde dag weer in die jaarkringloop terugkeer. Dan gee Augustinus sy beroemde definisie van 'n sakrament: **sacramentum est autem in aliqua celebratione, cum rei gestae commemoratio ita fit ut aliquid etiam significare intellegatur, quod sancte accipiendum est.**[4]) 'n

1) Ep. 54 en 55 CSEL p. 158 vv en p. 169 vv.
2) Retr. II, 20 Libri duo, quorum esttitulus "ad inquisitiones Ianuarii" . .
3) Ep. 55, 2 CSEL. 34, p. 170.
4) ib.

Sakrament is wanneer in 'n bepaalde viering die gedagtenis aan 'n gebeurtenis so geskied dat dit so begryp kan word dat dit ook iets voorstel, wat heiliglik ontvang moet word. Dit beteken dus dat daar 'n dieperliggende werklikheid is by die uiterlike simboliese handeling. Augustinus gaan nou hierdie algemene definisie van 'n sakrament toepas op die stelling wat hy gemaak het oor die Kersen Paasfees. Paasfees word nl. „in sacramento" gevier. Dit beteken dus dat ons nie alleen by die viering die gebeurtenisse in herinnering roep nie, di. dat Christus gesterwe en opgestaan het nie, maar dat ons ook alle ander dinge wat oor Hom betuig word by die dieperliggende betekenis (significatio) van die sakramente nie oor die hoof sien nie.

Kersfees is vir Augustinus hier dus nie in dieselfde sin sakramenteel as die Paasfees nie. Dit lyk dus werklik of Paasfees vir hom baie belangriker is, dog hierby is te onthou dat die Kersfees vir hom nog iets nuuts was en waarskynlik het hy hom oor die Kersfees nog nie in dieselfde mate rekenskap gegee wat hy wel oor die Paasfees gedoen het nie. Wanneer mens egter sy kerspreke lees, kry jy die indruk dat dit ook hier vir hom om veel meer gaan as net 'n blote herinnering en dat dit ook by die Kersfees vir hom gaan om ervaring van die werklikheid van die inkarnasie en die verlossende betekenis daarvan.

By die lyde en opstanding van die Heer vind daar 'n **transitus** plaas, 'n oorgang van die dood na die lewe. Augustinus herinner hier aan die woord Pascha en gee 'n allegoriese verklaring hiervan. Dit is van Hebreeuse oorsprong, sê hy en dit beteken „oorgang," terwyl die Griekse woord „paschein" lyde aandui. In die Pascha word dus 'n oorgang van hierdie sterflike bestaan na die onsterflikheid, van die dood na die lewe aangedui en dit staan in verband met die dood en opstanding van die Heer.[5]) Van hierdie uitdrukking „oorgang" maak Augustinus meer gebruik. Hy spreek dikwels van die „oorgang" van die dood van die ongeloof na die lewe van die geloof en dit is gelyk aan 'n soort opstanding.[6]) Wanneer hy van die doop spreek, vergelyk hy dit dikwels met die deurtog deur die Rooie See en die bevryding van Israel uit Egipte en praat dan van 'n uiters heilsame „oorgang" van die kant van die duiwel na Christus.[7]) Die mens belewe hierdie oorgang deur die geloof in die vergewing van sondes en in die hoop op die ewige lewe wat weggelê is vir hulle wat God en die naaste liefhet.[8]) Die term „oorgang" vir Paasfees was besonder geliefd in die oue Kerk en so belangrik is dit dat Casel hierin die grootste betekenis van die

---

5) ib. CSEL p. 171.
6) Tr. in Joh. XIX. Cap. V 8, ML. 35, col 1547. cf. de cat. rud. XX, 34.
7) Tr. in Joh. LV. Cap. XIII ,I ML. 35, col. 1785.
8) O. Casel : Art und Sinn der ältesen christlichen Osterfeier. Jahrbuch für Liturgiewissenschaft. XIV 1934 p. 48 vv.

Paasfees kan sien. Hy noem dit dan „oorgangsfees", waarin die oorskryding van die grenslyn tussen hierdie bedeling en die toekomstige plaasvind.[9])

Die grenslyn is aan die eenkant oorskry deur Christus wat mens geword het, gesterwe en opgestaan het en slegs daardeur is ook vir ons die moontlikheid geskep, want deur die geloof het ons reeds gesterwe en opgestaan met Christus. Ons het egter alleen nog maar die eerstelinge van die Gees, dog die Kerk verwag om ook aan die einde van die tyd te beleef wat in die liggaam van Christus aangedui is, nl. 'n liggaamlike opstanding.[10])

In soverre die tydsberekening van die Paasfees wel in verband staan met die maansverandering het dit alleen maar simboliese betekenis en dui op vernuwing ;[11]) van 'n vereering van hierdie hemelliggaam is geen sprake nie.[12]) Nog minder word die menslike lot deur die loop daarvan bepaal[13]) en hier is dus geen sprake van dieselfde natuurvereering as wat by die Manicheërs die geval is nie.

Vir die mens en die toestand waarin hy verkeer is wel beslissend sy verhouding tot God, die „sol iustitiae", die son van geregtigheid.[14])

Hoewel daar 'n sabbat tussen die dood en die opstanding van die Heer val, het hierdie fees ook 'n totaal ander karakter as die gelyknamige Joodse feesdag. Alles is hier gebonde aan Christus wat op geleë tyd hierdie sakrament ingestel het. Die ou Joodse sabbat het alleen simboliese betekenis behou ; dit kan alleen nog figura wees wat wel rus aandui, dog dan die geestelike rus wat bestaan uit onthouding van alle bose werke en wat die uiteindelike hemelse rus voorafskadu.[15]) So is ook die hele 50 dae na die Paasdag 'n tyd van vreugde, 'n figura van rus „en daarom word ook die vaste verslap en bid ons staande en dit is 'n teken van opstanding."

Paasfees, so konkludeer Augustinus, word dus „in magno sacramento" gevier op gesag van die goddelike geskrifte en van die hele kerk.[16])

Met hierdie lang brief van Augustinus oor die Paasfees het ons ook sowat die hele gedagte van Augustinus hieroor te wete gekom, dog mens kan hieruit geen konklusies gaan trek sonder om eers kennis te neem van sy paaspreke[17]) nie. Hierdie preke leen hulle naamlik uitstekend vir aparte studie daar hulle byna 'n aparte versameling, vanself van grote omvang, binne die geweldige prekeversameling van Augustinus uitmaak. Die preke self is meesal kort

[9]) Ep. 55, II, 3.
[10]) ib.
[11]) Ep. 55, 9.
[12]) Ep. 55, VI, II.
[13]) ib. VII, 13.
[14]) ib. V, 8.
[15]) ib. IX, 16.
[16]) ib. XV, 27.
[17]) cf. Comeau : Les prédications pascales de St. Augustin, Rech. de Sc. relig.

en herhalinge kom dikwels voor. Hier het bewaar gebly, verskillende preke gehou in die Paasnag, die nag van Saterdag op Sondag, ander gehou op Paasdag self, gedurende die Paas-oktaaf en op die Sondag van die oktaaf.

In die eerste groep preke wei Augustinus dikwels uit oor die aard van die nagwaak van die Paasfees. Alle wake is belangrik dog hierdie is 'n heel besondere. Hy voer dit terug op Jesus wat voor sy lyde sy dissipels aangespoor het om te waak en te bid.[18]) (Mt. 26 : 41). Die Sabbat eindig Saterdagaand en die nag van Saterdag op Sondag is die begin van die dag van die Heer en die nag waarin die Heer opgestaan het is deur te bring deur te waak. Ons waak gedurende hierdie opstandingsnag waarin Hy die lewe, waarin geen dood of slaap is nie, vir ons in die vlees begin het.[19])

'n Tweede tema wat dikwels in hierdie eerste groep preke ontwikkel word, is die teenstelling tussen die lig en die duisternis. Die paasvigilie was ook wel 'n besondere ligfees waarby veel gebruik gemaak is van die lig om hierdie teenstelling te aksentueer. Dit was dan ook die nag waarin die doop van die katechumene plaasgevind het en daarom vind ons ook in hierdie preke die beelde van lig en verligting dikwels aangewend wanneer Augustinus oor die pasgedooptes handel. Hulle het lig geword in die Heer, teenoor hulle vroeëre duisternis van ongeloof en sonde.[20])

In die preke wat Augustinus gehou het op die Paasdag het hy hom meesal in kort redevoeringe gewend tot die pasgedooptes van die vorige nag. Meesal het hy dan 'n kort verduideliking gegee van die sakrament van die Eucharistie wat hulle pas vir die eerste keer gebruik het.[21]) Soms bespreek hy voor hulle die inkarnasie[22]) of spreek oor die betekenis van die Paasfees[23]) of vermaan tot 'n ware veranderde lewenswyse.[24]) Die preke wat behoue gebly het oor die verskillende dae van die oktaaf sluit aan by die perikope wat op hierdie dag gelees is en waarin veral die eerste dae in beslag geneem is deur die opstandingsverhale van die vir Evangliste agtereenvolgens.

Die preke van die Sondag van die oktaaf is meesal weer gewy aan die lidmate wat in die Paasnag gedoop is. Augustinus het hulle dan weereens gewys op die betekenis van alles wat hulle ervaar het, van hulle doop en van hulle nuwe stand. Daarna het hy hulle met wyse raad aan die sorg van die gemeente oorgegee.

---

18) S. Guelferb. VI (Morin p. 460) cf. S. Wilmart V (Morin p. 685).
19) S. Guelferb. V (Morin p. 457).
20) S.CCXXII, ML. 38 col. 1091 ; CCXXIII, I.
21) bv. S.CCXXVII ML 38 col. 1099 ; Denis III ea.
22) S. Denis V., IV en S 119-121 in Migne.
23) Denis VII (Morin p. 32).
24) bv. S.CCXXIV col. 1093.

Wanneer ons egter hierdie verskillende preke as eenheid beskou dan is hier stellig enkele leidende gedagtes aan te wys.

Augustinus antwoord in hierdie preke op die vraag in welke verhouding die eenmalige gebeure staan tot die jaarlikse viering. Die viering hernu die memoria salvatoris dog hiermee word ook die vergangene so gedenk dat ons ook iets versinnebeeld met bv. die vigilie op paasnag.[25]) Dit bring geen nuwe en ongewone kennis nie, maar dit word gedoen sodat ons dit wat ons reeds weet nie vergeet nie.[26]) Christus het eenmaal vir almal gesterwe en tog gebeur hierdie plegtigheid telkens weer met verloop van tyd. „Quod enim semel factum in rebus veritas indicat hoc saepius celebrandum in cordibus piis solemnitas renovat" — wat die Waarheid aantoon as iets wat eenmaal gebeur het, hernu die plegtige viering meermale in die vrome hart. Die plegtige viering doen die dinge nie weer oor nie, maar verhoed wel dat ons die vergangene gewoon verby laat gaan. Die feesviering getuig van ons dankbaarheid. Deur te waak op Paasnag bv. bewerk ons as 't ware die opstanding van die Heer in die beeld wat daarvan in ons geheue oorgebly het, terwyl ons ook as ons gaan nadink bely dat dit maar eenmaal gebeur het.[27]) Hier is geen teenstelling tussen die kultiese belewing en die onkultiese bedoel nie of om Augustinus se woorde te gebruik, daar is geen verskil tussen die skrifwaarheid en die plegtige viering nie. Die een vul die ander aan. Die Skrifwaarheid openbaar die eenmalige gebeure en die feesdag ontruk dieselfde feite aan die vergetelheid deur die viering daarvan. Dit hoef daarom nie aan hierdie dae alleen gebonde te bly nie, want die oordenking van die dood en opstanding van die Heer is as 't ware ons daaglikse Paasfeesviering. Dit gebeur nl. wanneer daagliks die Eucharistie gevier is soos die gebruik in Afrika was in die tyd van Augustinus.

Ook in die preke verwys Augustinus weer na die woordbetekenis. Die woord Pascha beteken in Hebreeus „oorgang" in Grieks „lyde" en in Latyn „sorg." As ons Paasfees op waarlik heilsame wyse wil vier, so gaan Augustinus hier voort, moet ons aldrie hierdie betekenisse naleef: ons moet „oorgaan", „ly" en „versorg"; ons moet van sondes tot geregtigheid oorgaan, ons moet ly vir Christus en Christus versorg in die armes.[29]) Dit word egter al hoe duideliker dat die eerste betekenis vir hom die belangrikste is.

Die Paasfees is dan herinneringsfees maar dis tog ook veel meer. Hier gebeur iets meer, want die viering „versinnebeeld", dit beteken iets, soos Augustinus dit ook reeds definieer het aan Januarius. Die

---

25) S. Wilmart IV (Morin p. 684).
26) Wilmart VI ; (Morin p. 688).
27) S.CCXX, ML 38 col. 1089.
28) S. Denis VII (Morin p. 32).
29) S. Denis VII (Morin p. 32).

veertig dae voor die Paasfees, of die veertigdaagse vaste dui hierdie huidige tyd aan, d.w.s. die aardse lewe en sy ellende waarvan die vaste 'n teken is. Die tyd na die opstanding van die Heer versinnebeeld die ewige vreugde en daarom word die vaste in hierdie tyd afgebreek. Dit is nog nie die dae van die ewige vreugde nie maar dui dit aan ; dit is werklikheid alleen „in mysterio" en nog nie „in effectu" nie.[30]) Die vreugde van hierdie tyd word tot uiting gebring deur die sing van Halleluja en deur mekaar op te wek om God te loof. Dit simboliseer die tyd van onsterflikheid[31]) en die lewe na die opstanding van die vlees, want die hiernamaals sal enkel vreugde en lof Gods wees.[32])

Duidelik is dus te onderskei die memoria en aan die anderkant intense belewing van die dramatisering van die historiese gebeure in die kultus. Hoe sien Augustinus egter die voorwerp van die herinnering en wat ervaar die gemeente ?

In sy verkondiging herdenk Augustinus telkens weer Christus, sy dood en opstanding, dog bly ook hier getrou aan die definisie wat hy reeds gegee het. Hy gedenk nie alleen die dood en opstanding nie, maar alles wat van Christus vertel word. Daarom verbaas dit ons nie om te sien dat 'n hele aantal preke op Paasfees gewy is aan die inkarnasie wat ook die geliefde tema van sy Kersfeesprediking uitmaak.

In 'n preek[33]) waarin hy die mees ingewikkelde filosofiese redeneringe aan sy gehoor nie onthou nie, tref ons die probleem van die inkarnasie aan. Sy uitgangspunt is hier die skeppingsverhaal in Genesis. Wanneer ons hieroor nadink, meen hy, moet ons alle vleeslike gedagtes opsy sit en die afgode in ons harte afbreek. Die feit dat God hier "spreek" mag geen aanleiding gee tot anthropomorfe beskouings oor God nie. „Jy moet jouself verhef oor alles wat in jou sigbaar is omdat God iets totaal anders is as enigiets in jou. God is nie veranderlik van nature nie en die siel is geen deeltjie van die substansie, van die wese van God nie ; God is onveranderlik en die siel is veranderlik. God het aan Moses gesê : „Ek is wat Ek is". Alle ander „syn" is geen „syn" in vergelyking met Hom nie. Alles wat verander, „was" en „sal wees". Wat "was" sal nie meer wees nie en wat „sal wees" is nog nie. State ad Est, state ad ipsum Est. Quo itis ? State, ut et vos esse possitis[34]) — Bly staan by "Is", bly staan by die eintlike „is". Waar gaan julle heen ? Staan sodat ook julle kan wees — so roep Augustinus sy gemeente toe. M.a.w.

---

[30]) S. CCLII. Cap. XII, 12.
[31]) S. CCLIV. Cap VI.
[32]) S. CCLII, Cap. IX, 9.
[33]) S. Denis II (Morin p. II vv).
[34]) Denis II, 3.

die verhouding tot die onveranderlike God is beslissend vir die bestaan van die mens.

Maar, vra Augustinus, hoe kan ons dit ? en sy antwoord lui : Die mens kan dit omdat God ook 'n ander naam het, omdat God medelyde gehad het met ons swakheid. Die „Ek is wat Ek is", is naam vir Gods wese dog dis vir die veranderlike mens iets totaal onbegrypliks en daarom het God nog 'n tweede naam genoem, die naam wat sy barmhartigheid uitdruk : Hy het aan Moses gesê, „Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob". (Ex. 3 : 15, 16) en hierdie naam kon die mens wel begryp.

Die geheel stel hier die probleem hoe die ewige in die tyd kan ingryp. Die antwoord is Gods barmhartigheid wat tot gevolg het, verlossing. Want die "Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob" is ook sy naam in ewigheid en dit is alleen moontlik as Abraham, Isak en Jakob vir ewig sou lewe ; ja hulle is deur Hom verewig. Dit is asof God sê : „Wat vrees jy vir die sterflikheid van die menslike geslag ? Waarom vrees jy dat jy wanneer jy sal sterwe nie meer sal bestaan nie : Want die naam van my barmhartigheid is ook my naam vir ewig.[35])

Die oplossing van die probleem lê in die inkarnasie en die verlossing van die mens ; die eerste naam kan alleen so in die tweede oorgaan.[36])

Die mens sou verlore gegaan het as die Heer Jesus Christus Homself nie verneder het nie en as Hy altyd Woord by God gebly het.[37]) Hy het egter mens geword en tog ook Woord gebly en is dus God-mens. Hy is eniggeborene en ook broer van vele.[38])

Sy dood is die eindpunt en die gevolg van sy inkarnasie. Augustinus laat Christus sê : Verbum caro factus sum, ut mori possem — Ek, die Woord het vlees geword om te kan sterwe.[39]) Sy dood was alleen moontlik deur sy mensheid ; die Woord kan en kon niks ly nie en tog moes die Woord vir ons sterwe. Sy bloed is ons losprys en Hy kon hierdie prys nie betaal het as Hy nie as Woord vlees aangeneem het nie.[40]) Die mens het homself perversum gemaak deur van God af te dwaal en het ook die lewe verloor. As Woord was Christus die Lewe en die mens het in die dood gelê. So kon Hy die dood van ons ontvang en ons kon van Hom die lewe ontvang.[40])

---

35) S. Denis II, 5 (Morin p. 16).
36) cf. s. VI en VII ; E. Gilson : Philosophie et incarnation selon St. Augustin. (Conf. Alberts le Grand 1947) Montréal institut d'études médiévales. 1947 (veral p. 11-21).
37) S. CCXXVI.
38) Denis IV (p. 21).
39) Denis V. Morin p. 23.
40) ib. 4.

Hy stel Christus voor as handelaar, as 'n mercator wat uit sy eie gebied gekom het om hier te vind wat in oorvloed hier in ons gebied aanwesig is, nl. geboorte en dood. So kon Hy gebore word en sterwe en is as sterflike gebore vir sterflikes dog het so ook die dood vernietig.[41]). Daar bestaan egter 'n groot verskil tussen sy dood en die van ons. Vir Hom was dit geen conditio, geen bepaalde noodwendigheid nie, maar Hy het dit waardig geag om te sterwe (dignatio dus[42]). Hy had alleen die gelykenis van die sondige vlees en dit beteken dat Hy sterflik was sonder dat die sonde die oorsaak daarvan was.[43])

In die Paaspreke rig Augustinus hom ook teen verskillende dwalinge soos bv. teen die Manicheërs wat nie glo dat Christus die vlees aan geneem het nie; hulle glo nie aan die geboorte uit 'n maagd nie en maak so die hele dispensasie van ons heil, waardeur God wat die mens geskape het, mens wou word om die mens te vind. Christus het die hele mens aangeneem en verlos so ook die hele mens.[44])

Die dood en opstanding van Christus openbaar aan ons twee lewens ; die een nl. wat ons beleef en die ander wat ons begeer.[45]) Hy had niks om te verander by die Kruis nie omdat Hy sonder sonde aan die kruis gekom het. In sy kruis word die mens egter verander. Ons moet nl. as volg onderskei : Hy is oorgelewer terwille van ons oortredinge en het opgestaan terwille van ons regverdiging. In sy oorlewering weerklink die oortreding en in sy opstanding regverdigheid.[46]) M.a.w.: sy dood staan meer in verband met die negatiewe kant van ons verlossing nl. die vergewing van sondes terwyl sy opstanding meer die positiewe verandering ten doel het. Dit is, sê Augustinus, die sakrament van die dood en opstanding van Christus wat veral te ken en uit te voer is. Want die Lewe het nie verniet na die dood gekom nie. Die oorsaak is die sonde van die mens. Deur die oortreding van die gebod het die dood en die ellende in die wêreld gekom en elke mens wat gebore word is onderworpe aan die wet van die dood; behalwe Hy wat mens geword het sodat die mens nie verlore gaan nie. Hy is gekruisig om in die kruis die val van ons oue mens aan te toon en het opgestaan om in sy lewe die nuutheid van ons lewe aan te toon.[47]) 'n Goeie lewe beteken dood en opstanding met Christus.[48])

Sy opstanding is ook 'n voorbeeld en onderpand van ons opstanding wat ons begin deur dit geestelik uit te voer, dog die proprietas

---

41) S.CCXXXIII, Cap IV, 5.
42) S.CCXXXIII, Cap V, 5.
44) S.CCXXXVII Cap. I, I en Capp. IV.
45) S. Guelferb. IX, I Morin p. 466.
46) S.CCXXXVI, I col. 1120.
47) S.CCXXXI, Cap. II, col 1104 vv.
48) ib. Cap. III, 3.

self, die werklike opstanding is 'n merces fidei[49]) 'n loon wat die gelowiges na die vlees sal ontvang soos hulle Hoof Christus nou al reeds opgestaan het. Vandaar die blydskap van die Paasfees, vandaar die vreugde in die psalme en liedere; vreugde in die herinnering van die lyde en opstanding van Christus, vreugde in die hoop op die ewige lewe. As die hoop so 'n groot blydskap verwek, vra Augustinus, hoe groot sal die vreugde nie wees wanneer ons dit alles werklik besit nie? Die dag wanneer ons Halleluja hoor op die Paasdae word die gees op die een of ander wyse verander; dit is asof ons in hierdie viering iets smaak van die hemelse koninkryk.[50]) Daarom is hierdie vreugdevolle fees die hoogtepunt van die kerklike jaar waarna die gelowige van die tyd van Augustinus gretiglik uitgesien het.[51])

Die pasgedooptes beleef hierdie sakrament in die doop, wat ook 'n sacramentum vitae novae is en wat in hierdie lewe begin met die vergewing van sondes.[52]) Hiermee het hulle in noue verband getree met Christus in die Kerk. In die doop het hulle die eenheid van die Gees en die band van vrede ontvang.[53])

Hierdie eenheid beklemtoon Augustinus ook wanneer hy die sakrament van die Eucharistie met die gedooptes behandel. Hy stel hier ook 'n noue verband tussen die Kerk as die liggaam van Christus, die dopelinge as sy ledemate en die Eucharistiese liggaam van Christus. Hulle ontvang in die brood en wyn dit wat hulle begin het om te wees.[54])

Hy leer hier verder die reële aanwesigheid van Christus in die brood en wyn van die Eucharistie. Dit is gewone brood en wyn dog wanneer die Woord daarby kom word dit liggaam en bloed van die Woord.[55])

Ook in die preke het ons dus die gedagtes aangetref wat ons in die brief oor die Paasfees gevind het; daar was dit net veel meer beredeneerd, veel meer beskouend; hier het ons dieselfde gedagtes in eenvoudige toepassing. Die hoofsaak is die sakramenteel-simboliese karakter wat hierdie fees vir Augustinus dra.

In die sentrum staan die misterie van die inkarnasie van Christus of liewer nog, die hele misterie van Christus, sy menswording, dood en opstanding en nou verbonde daarmee die gevolg daarvan, die verlossing van die mens met sy negatiewe en positiewe kante nl. aan die een kant vergewing van sondes en verlossing uit die

---

49) S. Guelferb. IX, 4.
50) S. Guelferb. VII, 2 (Moring p. 464).
51) S.CCXLIII, Cap. IX, 8 ML 38 col. 1147.
52) Denis VIII, I Morin p. 35.
53) ib. 3.
54) S. Denis III, 2.
55) S. Denis V Morin p. 29.

mag van die duiwel en aan die ander kant die positiewe opstanding en verheerliking wat die gelowige op sakramentele wyse belewe in die doop en in die plegtige paasfeesviering.

As Augustinus van die Paasfees spreek as 'n oorgang, dan is daarmee gesê dat dit 'n verlossingsfees is en vandaar die ware paasvreugde. Hieruit blyk ook die karakter van die paasfeesviering van die eerste eeue ; dit was 'n fees van die hele Christusgebeure. Die menswording en die ervaring van verlossing sowel as die lewendige geloof op die ewige lewe en liggaamlike opstanding op grond hiervan, is nie te skei nie. Van 'n historiserende beskouing waarby die verskillende momente langsmekaar te staan kom, is hier geen sprake nie.

Comeau sê met reg dat die paaspreke 'n eentonige indruk maak; die grootste teologiese belang vind hy in die preek waar Augustinus oor die Eucharistie handel, dog verder vind hy alleen 'n „interêt médiocre au théologien" hoewel hulle tog 'n bepaalde sjarme kry deur hulle spontaniteit. Dit is preke wat Augustinus meesal uitgespreek het sonder enige voorbereiding en hier het hy sy hart uitgestort. Hulle openbaar, aldus Comeau, die man van aksie eerder as die man van denke. S'il se donnait habiteullement tout entier à son peuple, la fête de Pâques marquait l' apogée de son ministère annuel, résumait ses travaux comme ses joies.[56]) By hierdie oordeel oor die preke wil ek my graag aansluit dog ek meen dat ek hiermee aangetoon het dat hier nog 'n verdere interesse is vir die teoloog, die sentrale plek nl. wat Christus en die verlossing hier inneem. Hier is nl. die aangewese plek om Augustinus se gedagtes hieroor te leer ken en te sien hoe dit vir hom in verband staan met die kultus en liturgie.

Ook as gevolg hiervan kan en moet die Paaspreke van Augustinus weer die aandag trek. En hierdie intense belewing en vreugdevolle viering wat ons aantref by die kerkvader het stellig ook 'n woord te spreek tot die moderne vierder van die Paasfees.

## GERAADPLEEGDE WERKE.

G. Morin : S. Augustini Sermones post Maurinos reperti. Miscellanea Agostiniana Testi e studi. Vol I Roma 1930.

O. Cassel : Art und Sinn der ältesten chrislichen Osterfeier. Jahrbuch f. Liturgiewissenschaft XIV 1934 p. 1 vv.

M.Comeau : Les Prédications pascales de saint Augustin. Recherches de Science religieuse. T XXIII, 1933.

---

[56]) op. cit. p. 281.